
# 406 Rig omhoog jou hart op Christus




Prag en skoonhheid wat wel skitter, is tog dikwels ydelheid;
skynbbaar soet is dikwels bitter, aardse skat geen sekerheid.
Jesus, enkel deur u bloed, kom daar rus in ons gemoed,
wat ons liefhet van die aarde, het geen wesenlike waarde.

> Jesus, blydskap van ons lewe, bron van alle ware heil,
> U gee ons ná aardse strewe hemelvreugde sonder peil!
> U wil ons steeds hier verbly, vir u hemel voorberei;
> daar sal ons geen vyand vrees nie  en geen stryd meer teen ons wees nie.

O dat alle mensetale, alle engelsang, o Heer,
saamruis deur die hemelsale in gejubel tot u eer.
Ons wil U ons danklied bring en u lof, o Jesus, sing.
Laat u Gees ons rig, o Here, om te lewe, U ter ere.

Jodocus van Lodenstein (1620-77) Geneve (1551) / Lausanne (1565)